

**MOKOLO- EN KROKODILRIVIER (WES) WATER AANVULLINGS PROJEK (MKWAP): FASE 1 OPENBARE VERGADERING/
MOCOLO AND CROCODILE (WEST) WATER AUGMENTATION PROJECT: PHASE 1 PUBLIC MEETING**

DATUM / DATE: 12 November 2009
TYD / TIME: 09h00
PLEK / VENUE: Mogol Klub Konferensiesaal
FASILITEERDER / FACILITATOR: Sonja van Eden

1. TEENWOORDIGHEID / ATTENDANCE:

No.	Naam/ Name	Afiliësie/ Affiliation	Tel. Nr. / No.	E-pos / Email
1	O. van den Berg (OB)	DWEA	012 336 8613	vdbergo@dwaf.gov.za
2	S. van Eden (SvE)	Nemai Consulting	011 781 1730	sonjav@nemai.co.za
3	N. Naidoo (NN)	Nemai Consulting	011 781 1730	nickyn@nemai.co.za
4	D. Henning (DH)	Nemai Consulting	011 781 1730	donavanh@nemai.co.za
5	S. Pienaar (SP)	Nemai Consulting	073 183 1722	salomonp@nemai.co.za
6	P.J.J. Basson (PB)	Aurecon	012 427 2827	Pieter.Basson@af.aurecongroup.com
7	B. Smit (BS)	Aurecon	012 643 9000	Barend.Smit@af.aurecongroup.com
8	JC Pretorius (JC)	Aurecon	012 427 3079	Jc.Pretorius@af.aurecongroup.com
9	J. Pienaar (JP)	Aurecon	012 643 9000	Johan.Pienaar@af.aurecongroup.com
10	F. Vogel (FV)	Aurecon	012 643 9000	Fanie.Vogel@af.aurecongroup.com
11	I. Aucamp (IA)	MCC	082 828 0668	ilse@lantic.net
12	L. van der Merwe (LVDM)	TCTA	012 683 1202	lvdmerwe@tcta.co.za
13	N. Rossouw (NR)	TCTA	012 683 1239	nrossouw@tcta.co.za
14	G. Hannay (GH)	TCTA		GHannay@tcta.co.za
15	S. Davis (SD)	TCTA	012 683 1205	sdavis@tcta.co.za
16	L.P. Ritshuri	DAFF	078 862 7657	ritshuril@agric.limpopo.gov.za
17	J.M. Matlou	Departement Landbou - Lephalale	014 763 2137	matloujm@agric.limpopo.gov.za
18	MC Munyai	Departement Landbou - Lephalale	076 789 2380	munyaimc@agric.limpopo.gov.za
19	M. Bornman	Departement Landbou - Thabazimbi	072 287 7126	Bornmanme@agric.limpopo.gov.za
20	C. de Kock	LDA Eng.	082 788 3316	dekockceq@agric.limpopo.gov.za

No.	Naam/ Name	Afiliatie/ Affiliation	Tel. Nr. / No.	E-pos / Email
21	R.M. Mathebe (RM)	DWA - Polokwane	082 601 3950	MathebeR@dwaf.gov.za
22	H.D. Mabada (HM)	DWA - Limpopo	015 290 1402	Mabadah@dwaf.gov.za
23	M. Berry	Limpopo –Kwena/ Agri Bosveld	082 872 4597	mark@mmabolela.co.za
24	F. Grayling	Zandheuveld	014 766 0283	bububush@lantic.net
25	E. Greyling	Koerant Bulitin	082 863 8696	bububush@lantic.net
26	P. Lampreght	Fancy 518 LQ	014 763 3690	fancy@gameranch.co.za
27	H. Lampreght	Eendraght 505 LQ	072 450 8041	fancy@gameranch.co.za
28	L. Fourie	Oewer Eenaar	014 763 4189	leon@chobe.co.za
29	N. Hendriks	Oewer Eenaar	082 551 4203	hendriks@lantic.co.za
30	S. Nkoe	Lephalale Municipality	082 578 8445	Simon.nkoe@lephalale.gov.za
31	E. Maritz	Steenbokpan Ontwikkelings Konsortium (SOK)	082 427 2827	chrismaritz@gmail.com
32	S. Sauer	Enkeldraai 314 LQ	082 692 0355	
33	S. Kotze	Fourieskloof 557 LQ	082 642 8669	
34	J.M. Els	Kudu Canyon	014 763 2160	mirandap@gwisa.com

2. VERWELKOMING EN BEKENDSTELLING / WELCOME AND INTRODUCTION

Sonja van Eden(**SvE**) het die vergadering geopen en almal verwelkom. Daarna is die res van die Projekspan teenwoordig voorgestel, naamlik:

- Fanie Vogel (**FV**), Johan Pienaar (**JP**), Pieter Basson (**PB**) en Barend Smit (**BS**) van Aurecon;
- JC Pretorius (**JC**) en Ilze Aucamp (**IA**) van Mokolo Krokodil Konsultante (MCC);
- Liza van der Merwe (**LvdM**), Nigel Rossouw (**NR**), Shawn Davis (**SD**) en Gwen Hannay (**GH**) van TCTA;
- Ockie van den Berg (**OB**), Mnr. RM Mathebe (**RM**) en Donald Mabada (**DM**) van Departement van Waterwese (DWA); en
- Salomon Pienaar (**SP**), Donavan Henning (**DH**) en Nicky Naidoo (**NN**) van Nemai Consulting.

3. DOELWITTE VAN DIE VERGADERING/ AIMS OF THE MEETING

1. Status van Omgewings Impak Bepaling (OIB);
2. Oorsig van Openbare Deelname Proses – Omvangsbepaling Fase; en
3. Oorsig van Konsep Omvangsbepalingsverslag.

4. VOORLEGGING/ PRESENTATION

1. **DH** – voorlegging van Konsep Omvangsbepalingsverslag;
2. **SP** – voorlegging van Openbare Deelname Proses; en
3. **FV** – voorlegging aangaande tegniese aspekte van die projek.

5. BESPREKING/ DISCUSSION

No.	Besprekings	DEUR WIE RAISED BY	TERUGVOERING/ RESPONSE
3.1	Noem dat hy het 21 lyne en 'n "bonnex" op sy heining en dit gaan baie duur wees om die heining te moet vervang. Noem dat die nuwe heining wat gespan gaan word met nuwe draad gespan moet word.	P. Lamprecht	DH noem daar is verskeie maatreëls wat getref moet word in terme van die tydelike en nuwe heinings wat gespan moet word. Noem dat skarms ook opgerig kan word om die impak op die wild te verminder. Noem dat daar in die toekoms op 'n individuele basis met grondeienaars kontak gemaak sal word om te verseker dat die grondeienaar tevrede is met die maatreëls wat getref moet word. LvdM noem dat die tipe heining wat voor die konstruksie daar is, moet weer na die konstruksie in plek wees.
3.2	Hoe wyd gaan die stuk wees wat ontbos moet word vir die pyplyn?		JP noem dit gaan ongeveer 40-50m wyd wees en die deursnee van die oordragspyp gaan 900-1000mm wees terwyl die pyp tussen Matimba en Steenbokpan ongeveer 1100mm gaan wees.
3.3	Aan watter kant van die bestaande lyn gaan die nuwe pyp gelê word? Die grondeienaars moet ook geraadpleeg word tydens die bepaling van die finale ligging van die pyplyn.	H. Lamprecht & P. Lamprecht	JP noem dat dit nog nie gefinaliseer is nie en dat dit gefinaliseer sal word gedurende die detail ontwerp. Noem ook dat al die infrastruktuur wat geaffekteer mag word tydens hierdie fase geïdentifiseer moet word.
3.4	Gaan die bestaande infrastruktuur te Zeeland verder ontwikkel word? Noem tydens die vorige opgraderings is daar met "jack hammers" gewerk gedurende die winter seisoen en hulle was geforseer om hul buitelandse kliënte elders te huisves op hul eie omkoses as gevolg van die geraas.	H. Lamprecht	JP noem dit is tans nie voldoende nie en sal moet opgegradeer word. Stel voor die grondeienaar stel die vereisde op skrif dat dit vroegtydig inaggeneem kan word.
3.5	Noem hulle het nie water op hul plaas nie en vra of die grondeienaar geregtig sal wees op 'n aftappunt?	S. Kotze	FV noem dat indien die pyplyn oor 'n eiendom loop kan die grondeienaar 'n aftappunt kry. Noem dat die hoeveelheid en waar dit geplaas moet word bevestig sal word tydens die onderhandelings met die grondeienaars oor die serwituut. Noem die aftappunt sal nie vir besproeiings doeleindes of tuin natmaak wees nie en slegs vir vee-/ wildsuipings en huishoudelike gebruik. Die toekennings sal ook bogenoemde staaf. Noem wel dat dit ongesuiwerde water sal wees. Noem ook dat die grondeienaar sal moet betaal vir die water wat hy gebruik.
3.6	Kan 'n grondeienaar meer as een aftappunt kry?	S. Sauer	
3.7	Moet grondeienaar betaal vir die aftappunt.	F. Greyling	
3.8	Noem dat die Mokolodam se kapasiteit 39.1 miljoen m ³ is en dat die besproeiingsboere onder die dam 16 miljoen m ³ toegeken is. Wat is die huidige lokale gebruik van die dorp en die verbruikers? Gaan Fase 1 en Fase 2 gelyktydig plaasvind en indien nie vir hoe lank gaan daar dan druk op die dam wees.	J.M. Els	Die vraag is verder bespreek as deel van die tegniese voorlegging soos aangebied deur FV. 'n Diagram is gebruik om aan te dui op watter tydsdure die verskillende projekfases geïmplementeer sal word en tydens watter- en hoe lang periodes die Mokolodam onder druk (oor onttrek) sal wees.
3.9	Concerned about the independency of the project proponent and enquired whether the proponent is ESKOM or DWA?	M. Berry	OvdB noted the Minister of Water Affairs is the custodian of the nation's water. It is therefore the duty of DWA to ensure that the

No.	Besprekings	DEUR WIE RAISED BY	TERUGVOERING/ RESPONSE
3.10	How can one parastatal judge another parastatal in terms of independence and objectivity? Noted the same people plan, implement and approve the project according to him.		required quantities of water is available for development. Stated that it is a requirement of NEMA that an EIA must be undertaken for this type of a development. In addition, NEMA specifies that the appointed Environmental Assessment Practitioner (EAP) must be independent.
3.11	Who is paying the EIA consultant? If it is DWA, how can the consultant be objective and independent in terms of assessing the environmental and social impacts of the project.		Noted that DWA pays the consultant. Department of Environmental Affairs (DEA) must review the EAP's EIA. DH also stated that the EAP has a professional obligation and liability to be independent. Should DEA challenge and find independency or competency lacking, they can remove the EAP from the project.
3.12	Noted he received an assurance in writing from the Minister that the Mokolo water will not be used for Medupi		OvdB requested that Mr. Berry sends him a copy of the mentioned letter.
3.13	Noem in 'n vorige ESKOM projek is hul insae sowel as die van die konsultante by Steenbokpan geïgnoreer. Noem daarom dat hul vertroue in die ontwikkelaars tans nie te goed is nie.	E. Greyling	DH noem dat daar reeds al meer as 60 vergaderings met die geaffekteerde partye in die area gehou is wat Nema en die tegniese span bygewoon het. Noem daar is reeds verskeie alternatiewe uitgelig deur die geaffekteerde partye wat ondersoek word vir die projek en dit weerspieël die bereidwilligheid van die tegniese span om insae vanaf die geaffekteerde partye in ag te neem. FV noem dat dit verseker dat al die partye se besware/ bekommernisse geboekstaaf moet word. Die owerheid maak die besluit op die einde van die dag en dus kan die projekspan nie almal se versoeke verseker nie.
3.14	Requested to see the water balance for the entire MCWAP. How much water is going to each user, what's the anticipated growth, where are the sources of the water, etc.?	M. Berry	FV noted that until Phase 2 is implemented all the water will come from Mokolo Dam. General rules of allocation include: • Irrigation water is provided at a higher risk than others; • Domestic use (gardening, etc) is also at a higher risk; and • Drinking water (cannot restrict on drinking water). Stated this practice is reflected in various documents and is an international practice. Noted this is also reflected in the National Water Resources Strategy. It is important to implement mitigation measures for the project, such as the short term use of groundwater, etc.
3.15	During a dry year what are the priorities of water allocation?		

No.	Besprekings	DEUR WIE RAISED BY	TERUGVOERING/ RESPONSE
3.16	Referred to an article in the Business Day on 22 September 2009, which noted according to an internal report and emails between ESKOM and DWA the water requirements had been underestimated by up to 500%.		OvdB noted these reports were only internal at ESKOM and that DWA was not involved. The information is flawed. According to the water requirements indicated by ESKOM they would need the following volumes for Medupi: • 4.6 million m³ per annum, without the cleaning (FDG) technology; and • 14 million m³ per annum, with the cleaning (FDG) technology. DWA's planning is based on these projections provided by ESKOM. ESKOM will not commission the FDG technology until the Phase 2 pipeline has been commissioned. ESKOM indicated they would start progressively commissioning the first turbine in March 2012, where after the rest will follow in 8-month intervals. When Medupi operates at full capacity it will use 14 million m³ per annum, and with six turbines each turbine will require 2.3 million m³ per annum (with FDG technology). When the first turbine is commissioned without FDG technology it will require only 0.766Mm³ (4.7Mm³ / 6) per annum per turbine.
3.17	Requested that the water balance be included in the EIR.		FV - noted. The same request was also made by DEA.
3.18	Noted that domestic water use was not indicated on the projections shown as part of the presentation.		FV indicated on the graph that it had been included in the projections.
3.19	Requested that the different project alternatives must be finalised.	S. Nkoe	DH indicated that the EIA process needed to be followed. A preferred alignment cannot be decided upon at this stage and all affected parties' comments must first be incorporated.
3.20	Noem dat die Mogol besproeiingsboere nog nie enige nuwe inligting ontvang het vanaf die vorige vergadering gehou met die besproeiingsraad nie. Noem dat hulle kontrakte 1 jaar vooruit teken en kan dus nie 3 maande kennis kry oor of hulle mag plant of nie. Versoek dat hy ook uitgenooi moet word na die Mogol werksgroep.	N. Hendriks	FV erken dat inligting nie onlangs gedeel was nie. Noem dat die nuwe inligting vir die projek 2-3 weke oud is en vanuit hierdie nuwe inligting is daar 'n 12 maande vertraging is in die gevaar periode vir die besproeiingsboere as gevolg van die afname in aanvraag deur die nuwe verbruikers. OvdB noem dat volgens die nuutste grafiek word die gevaar op die boere uitgestel en dit is dus gunstig vir die besproeiingsboere.
3.21	Versoek konkrete inligting oor hoe boere geaffekteer mag word, wat 'n aksieplan moet insluit.		
3.22	Noem dat hulle geld gespandeer het om strukture / walle in die rivier te bou en met hierdie walle gebruik hulle minder water vanuit die Mokolodam. Hierdie walle verminder ook die risikos op hulle as besproeiingsboere. Vra indien hulle nie meer kan besproei nie, gaan die besproeiërs dan hul geld terug kry wat hul geïnvesteer het in hierdie walle?		

No.	Besprekings	DEUR WIE RAISED BY	TERUGVOERING/ RESPONSE
3.23	Noem dat verdere dorpsuitbreidings verhoog die risiko's op die besproeiingsboere met die 50% bedryfsreël. Hierdie tipe vrae moet verder bespreek word. Versoek dat die risiko bestuursplan vir die beplande ontrekking vanuit Mokolodam eers in plek moet wees alvorens konstruksie begin.		DH noem die punt moet verder ondersoek word tydens die Sosio-ekonomies Studie. FV noem dit sal deel wees van die verdere studies wat uitgevoer moet word. Noem die risiko's waarna verwys word, is eers van toepassing nadat die Fase 1 pyp in plek is en nie al gedurende die konstruksie daarvan nie.
3.24	Wanneer begin konstruksie op die projek en teen watter datum sal die Sosio-ekonomiese Studie voltooid wees?		DH noem dat 'n antwoord eers verwag kan word teen Augustus 2010, waarna konstruksie eers kan begin. Noem dat die Sosio-ekonomiese studie teen hierdie datum gefinaliseer moet wees aangesien dit 'n vereisde is van die Omgewingsimpakstudie.
3.25	Hoekom word die damwal nie verhoog of word daar gekyk om 'n tweede dam stroomaf in die Mogolrivier te bou om die vloedwaters op te vang nie?	L. Fourie	FV noem dat die opsie sal altyd 'n moontlikheid bly vir DWA. Daar is daarna gekyk en die addisionele lewering gaan nie voldoende wees vir MKWAP nie. Noem ook internasionale aspekte wat baie lank neem alvorens daar met die verhoging kan begin word. Noem dus dat vir die doeleindes van MKWAP word hierdie opsie nie verder oorweeg nie.
3.26	Stel voor dat DWA solank begin met die internasionale aspekte en onderhandelinge aangaande die verhoging van die Mokolodam.		FV noem dat sou die dam gebou word vir besproeiings doeleindes sal die water baie duur wees. Sou dit gebou/verhoog word vir die gebruikers (bv. ESKOM, SASOL) verbeter dit nie regtig die langtermyn posisie van die besproeiers nie. Nadat die Fase 2 pyplyn in werking is sal die Mokolo besproeiingsboere nie meer geaffekteer word nie. OvdB noem dat die verbruikers nie hul ontwikkelings in bedryf mag stel alvorens die Fase 2 pyplyn in werking is nie.
3.27	Hoekom word daar nie al begin om aan die Vlieëpoortdam te bou nie sodat daar teen 'n vroeër datum addisionele water vir die projek beskikbaar is nie? Noem dit sal ook hul risiko verlaag.		FV noem dat die hoeveelheid water in die Krokodilrivier nie die beperkende faktor is nie maar eerder die tyd wat dit gaan neem om die pyplyn te bou. Slegs 'n klein stuwal word beoog om te verseker dat voldoende water steeds verby sal vloei na die Makoppa boere toe.
3.28	Vra of die opgaar dam / damme steeds beplan word verder noord in die Waterberge?	N. Hendriks	FV noem daar word nie meer na die opsie van die terminaal damme gekyk nie as gevolg van die volgende redes: • Koste daaraan verbonde; en • Omgewingsaspekte aangesien dit besoedelde Krokodil water gaan wees. Die verbruikers sal dus hul eie reservoirs moet bou.
3.29	Noem dat indien die dam se vlakke verlaag word, lei dit daartoe dat grondeienaars teenaan die dam se boorgate se vlakke ook daal.	L. Fourie	OvdB noem dat die water gebruik vir die projek gelisensieer moet word deur DWA. Dus moet hulle in ag neem wat is die lewering van die dam en daarvolgens word lisensies uitgereik. Die impak van die projek is minimaal oor die langtermyn op die Mokolodam,

No.	Besprekings	DEUR WIE RAISED BY	TERUGVOERING/ RESPONSE
			behalwe vir moontlike kort periodes (bv. 'n paar dae) indien daar byvoorbeeld 'n pypbreek is op die Fase 2 pyplyn. Nadat die Fase 2 pyplyn in plek is gaan die minimum aanvraag op Mokolodam geplaas word sodat die dam so gou moontlik kan herstel na sy oorspronklike posisie.

6. AFSLUITING

Sonja van Eden het almal teenwoordig bedank vir hul deelname en insette. Die vergadering is verdaag om 17h30.